

# **“GEOCACHE” TUISTE – LEES ASSEBLIEF**

## **Geluk, jy het dit gevind! Doelbewus of nie!**

Wat is die doel van hierdie weggesteekte houer? Wat doen die ding hier met al hierdie items binne-in?

Dit is deel van ‘n wêreldwye spel opgedra aan GPS (Globale posisionering sisteem) gebruikers, genaamd “Geocaching”. Die spel kom daarop neer dat GPS gebruikers sekere skatte (hierdie houer en die items binne-in) wegsteek en die presiese koördinate dan publiseer sodat ander GPS gebruikers dan op ‘n skattejag kan gaan om dit te vind. Die enigste reëls is: As jy iets neem uit die skatkis, moet jy iets terugplaas in die skatkis en jy moet jou besoek binne-in die log-boek aanteken. Hopelik het die persoon wat die houer weggesteek het ‘n goeie ligging gekies wat nie maklik deur oningeligte partye deursoek sal word nie. Somtyds is dit egter so dat ‘n goeie wegsteekplek soms ‘n swak wegsteekplek is.

## **AS JY HIERDIE HOUER PER TOEVAL GEVIND HET:**

Wonderlik! Jy is welkom om aan te sluit. Ons vra jou net dat jy:

- Asseblief nie hierdie houer sal verwyder of beskadig nie. Die regte skat is net dat die houer gevind word en dat jy jou ervarings deel met almal wat dit ook vind.
- As jy wil, gaan voort en neem iets uit die houer. Maar los asseblief ook iets van jouself vir ander om te vind en skryf dit in die log-boek.
- Indien moontlik, laat weet ons dat jy die houer gevind het deur die onderstaande webtuiste te besoek.

“Geocaching” verwelkom enige persoon met ‘n GPS en ‘n avontuurlustige geaardheid. Daar is soortgelyke skatte reg oor die wêreld. Die organisasie se tuiste is op die Internet. Besoek ons webtuiste as jy meer wil leer, of enige kommentaar het:

**<http://www.geocaching.com>**

As hierdie houer verwyder moet word vir watter aardse rede ook al, laat weet ons asseblief. Ons maak verskoning en sal dit met plesier verskuif.